ANDREW MURRAY

Gesalfde Skrywer

—deur Peter Hammond

Andrew Murray is een van die produktiefste outeurs in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Daar is miljoene eksemplare van sy 240 boeke verkoop en dit is in meer tale uitgegee as dié van enige ander Suid-Afrikaanse outeur tot op hede. Sy bediening was ook geseën met die merkwaardigste geestelike herlewing tot op hede in die Suid-Afrikaanse heugenis.

Nadat sy pa sonder ophou, elke Vrydagaand, 36 jaar lank, vir herlewing gebid het, is Andrew Murray se bediening geseën met die merkwaardigste geestelike herlewing tot op hede.

Verengelsing

Toe die Britte die Kaap in 1795 inneem, het hulle 'n verengelsingsbeleid vir die uitsluiting van Hollands as gebruikstaal uit skole en die regering gesorg. Kerke het ook geweier om die gebruik van Hollands in die erediens of bidure toe te laat. Die beleid het egter onvoorsiens die merkwaardigste geestelike herlewing tot gevolg gehad.

Herbesieling

Hollandse gemeentes is na Skotland verwys om predikante te bekom. Die aankoms van 11 Gereformeerde predikante vanuit Skotland onder leiding van Andrew Murray senior, het 'n nuwe tydperk ingelui. Andrew Murray se vader is by die grensgemeente van Graaff-Reinet aangestel en Andrew Murray junior is op 9 Mei 1828 op Graaff-Reinet gebore.

Gebede vir herlewing

Andrew Murray se pa het elke Vrydagaand, 36 jaar lank, »

'n Standbeeld van Andrew Murray voor die NG Kerk in Wellington

"In the light of His example we can see, in the faith of His power we too can prove, that suffering is to God's child the token of the Father's love, and the channel of His richest blessing." **–Andrew Murray, Holy in Christ**

ANDREW MURRAY

Gesalfde Skrywer



sonder ophou vir herlewing gebid. Andrew is vir skoolopleiding na Skotland gestuur waar hy aan van die invloedrykste Gereformeerde predikers van daardie era blootgestel is. Nadat Andrew en sy ouer broer, John, hulle MA-grade in 1845 verwerf het, is hulle na Utrecht om hulle teologiese studie voort te sit en Hollands te bemeester.

Voortrekkerpredikant

Toe Andrew Murray van sy studie oorsee terugkeer, was hy slegs 20 jaar oud en volgens kerkwet moes 'n predikant in die Kaap minstens 22 jaar oud wees. Die goewerneur, sir Harry Smith, het hierdie reël omseil deur Andrew as predikant vir die nagenoeg 12 000 Voortrekkers in die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier aan te stel.

Noodgedwonge leierskaprol

Om sy wydverspreide gemeente te kon dien moes Andrew voortdurend reis om nagmaal te bedien en kerkdienste te hou. Omdat hy met geharde Voortrekkerboere te doen sou hê, moes Andrew leer om sy preke eenvoudig, logies en prakties te hou. Hy was die enigste predikant vir die Voortrekkers en moes noodgedwonge 'n leierskaprol vervul. Sy tussenkoms het bloedvergieting voorkom toe hy gehelp het met die onderhandeling van die verdrag tussen die Voortrekkerleier Andries Pretorius en die Britse regering, wat tot die ondertekening van die Sandrivier-konvensie van 1852 gelei het.

Opleiding vir bediening

Andrew het daardie 11 jaar se bediening onder die Voortrekkers as van onskatbare waarde vir opleiding vir sy lewenslange bediening beskou. Die bediening op die grensgebied het Andrew se karakter versterk en hom beslissend in sy optrede en kragtig in sy preke gemaak.

Worcester-konferensie

Andrew Murray is na die gemeente op Worcester beroep ten tye van 'n plaaslike kerkkonferensie waartydens die onderwerp van herlewing bespreek sou word. Met groot opwinding het die konferensie op 18 April begin om die Skriftuurlike grondslag vir herlewing te lê.

Volgens C. Rabie het die herlewing by die konferensie begin: "Ds. Murray (jr.) se deelname gedurende die eerste gedeelte van die konferensie was beperk tot een gebed, maar dit was 'n gebed so vol krag en emosie dat mense onder 'n diep oortuiging van sonde gekom het. Jy kan met veiligheid sê dat die herlewing op daardie oomblik posgevat het."

> **Ds. Murray se gebed was so vol krag en emosie dat mense onder 'n diep sonde-oortuiging gekom het. Daar kan met veiligheid gesê word dat die herlewing toe posgevat het.**

Herlewing soos 'n veldbrand

Andrew Murray het op Pinkstersondag, 27 Mei, sy bediening in Worcester begin met 'n preek oor 'Die Bediening van die Gees'. C. Rabie het geskryf: "Dit was asof een van die profete van ouds uit die dood opgestaan het. Die onderwerpe was bekering en geloof… met dodelike opregtheid."



> *Here is the path to the higher life: down, lower down! Just as water always seeks and fills the lowest place, so the moment God finds men abased and empty, His glory and power flow in to exalt and to bless."*
>
> **–Andrew Murray, Humility: The Journey Towards Holiness**



Die gemeente het nog nooit sulke reguit Bybelse prediking ontvang nie. Die herlewing in Worcester het soos 'n veldbrand uitgebreek.

Ooggetuieverslag

'n Predikant wat die herlewing beleef het, Servaas Hofmeyr, het geskryf: "Voor die herlewing was liefde vir die wêreld en om te sondig vir die meeste lidmate aan die orde van die dag…Toe die Here onder ons begin beweeg: hoe intens was die gebede vir herlewing en die uitroepe om genade nie! Roerende getuienisse van bekering is gehoor.

Onuitspreeklike vreugde!

Bidure was stampvol, mense het singend na die huis van die Here kom. Daar was berou, hernuwing en wedergeboorte.

Die plaaswerkers naby Worcester was van die eerstes op wie die herlewing 'n uitwerking gehad het. Hulle het op die grond neergeval en om genade uitgeroep. Eers was Andrew Murray geskok deur die gevoelsvertoon en oënskynlike wanorde. Sy kennis van herlewing was beperk tot die Skotse belewing waar gemeentes baie meer ordelik en beheers was. Toe Andrew beheer wou neem van so 'n biduur, het 'n vreemdeling ds. Murray gemaan: "Wees versigtig wat jy doen, want dit is die Gees van God wat hier aan die werk is."

Ware en valse herlewing

Andrew het hierna enige skeptici geantwoord deur George Whitefield aan te haal wat gesê het: "As jy probeer om die wegholbrand te blus en te verwyder wat vals is, sal jy in gelyke mate en terselfdertyd, dit wat eg is, ook verwyder."

Gesalfde prediking

Eerwaarde Henry Taylor van die Presbiteriaanse kerk in Wellington het oor Andrew Murray se prediking geskryf: "Sy hele wese word aan die taak gewy en hy gloei met die drif van die Gees…gehore buig voor die meevoerende reën van sy woorde, soos wilgers voor die stormwind. Die hart van die aanhoorder word neergebuig en die verstand word met ontsag vervul."

> **"'n Herlewing van heiligheid is wat ons nodig het. Ons benodig prediking oor Christus se aanspraak op ons wat daartoe sal lei dat ons geheel en al vir Hom en Sy koninkryk leef."**

Gerespekteerde skrywer

Deur die toenemende geestelike honger is Andrew gelei om meer dissipelskapopleiding vir bekeerlinge te verskaf. Dit het aanleiding gegee tot die skryf van onder meer: 'Die Werk van Die Heilige Gees', 'Die Ware Wynstok', 'Die Nuwe Verbond', 'Nuwe Lewe', 'Die Volle Pinksterseën', 'Wees Volmaak', 'Met Christus in die Skool van Gebed', 'Nie My Wil Nie', 'Bid vir Mekaar', 'Here, leer ons Bid', 'Algehele Oorgawe', 'Op God Wag' en 'Christus My Alles'.

Andrew Murray het een van die wêreld se mees gerespekteerde skrywers oor die dieper Christelike lewe geword. Hy het meer as 240 boeke, pamflette en boekies geskryf, waarvan baie in ander tale uitgegee is; sommige vir meer as 'n 100 jaar lank deurentyd in druk.

Opofferende diens

Andrew Murray het hom na Paul Kruger gewend vir hulp om die NG Kerk se eerste sendingstasie in die Soutpansberg te vestig. Die 'Vrouwen Zending Bond' is gestig met Emma Murray as die eerste president. Andrew Murray het die South African General Mission gestig.

Onderwys en evangelisasie

Ten spyte van baie geestelike aanvalle en voortdurende teenkanting vanuit liberale oorde in die NG Kerk, het Andrew Murray 'n beroemde outeur, internasionale evangelis en moderator van die NG Kerk geword.

Hy het die Afrika-instituut gestig wat honderde sendelinge dwarsoor Afrika uitgestuur het. Hy het ook baanbrekerswerk vir vroueonderwys in Suid-Afrika gedoen en het die Hugenote-kollege vir die opleiding van Christen-onderwysers gestig.

Murray se uitdaging aan ons

Andrew Murray rig die volgende uitdaging: "Leef met die vaste en heilige vertroue dat God Sy Kerk deur jou kan seën… God wag wesenlik net vir gebed om Sy seën te skenk!"



DR PETER HAMMOND *is 'n sendeling, historikus en outeur. Skakel: 021 689 4480; missionafrikaline.org.za; www.ReformationSA.org*